

Slaan jou tande in dié taalbroodjie

Submitted by Republikein on Fri, 2012-11-09 02:00



Of jy hom nou met ontbyt, vir ligte versnapering of saam met braaivleis geniet, die Brötchen is deel van elkeen se erfenis. Maar, sê die Taalkommissie in Suid-Afrika, in Afrikaans mag ons nou ook amptelik "bretsjen" skryf.

Volgens dr. Herman Beyer, wat as taalkundige verbonde aan die Universiteit van Namibië die eerste Namibiër is wat op die Taalkommissie dien, is die motivering eenvoudig. Die woord word in die uitspraak algemeen gebruik in Afrikaans in Namibië. "Selfs in formele Afrikaans."

Afrikaans se spelling in die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls is voorts gebaseer op die klankstelsel van Standaardafrikaans. "Ons spel soos ons praat," verduidelik Beyer.

"Bretsjen" volg voorts wat die slotklank betref die patroon van woorde soos "laken" en vele ander.

Vir die puriste is Beyer se nuus dat die Kommissie moontlik tydens 'n volgende sitting gaan oorweeg om "Brötchen" as wisselvormspelling te erken.

Lees vandag se "Sê maar net" deur Des Erasmus en bak jou broodjie oor die debat in 'n brief, e-pos of SMS aan Republikein.

BUSSINESS 7 - ISSUE 7

VOORBLAD



Republikein E-Paper

RAAI DIE
EINDELLING EN
WEN!

SUPERRUGBY
KOMPETISIE

RAAI DIE EINDELLING EN WEN!!!



SLAAN WEER SUPERPRYSE
LOS MET SUPERRUGBY

KLIK HIER

VIR DIE PRYSE, REËLS,
BEPALINGS EN VOORWAARDES

NUUS

Nuutste

Gewildste



**One on One with Ndiitah
Nghipondoka-Robiati**

01 06 2016



Banking on FNB, BWH

01 06 2016



Oupa herwin met 'n klip

01 06 2016



Lesersfoto's vir 1 Junie 2016

01 06 2016



**Pharma sector set for wave of
mergers,...**

01 06 2016



Mylene en man agter trailies

01 06 2016



Vetgesmeerde blits

01 06 2016



**Franco in Bok-groep; Eben, Lood
moet nou saam...**

01 06 2016



Naspers groei en groei en groei

01 06 2016



**Tourism: A rollercoaster ride
past shining...**

Die Afrikaanse Taalkommissie is op Facebook. Om met Die Afrikaanse Taalkommissie te verbind, sluit vandag by Facebook aan.

Sluit aan

of

Teken aan

Die Afrikaanse Taalkommissie

Die Taalkommissie het tydens sy Oktober-sitting in Pretoria die woord "bretsjen" (van die Duitse "Brötchen", 'n soort broodjie) as Namibiese Standaardafrikaans erken. In vandag se Republiek, Namibië se grootste Afrikaanse dagblad, verskyn twee artikels oor dié ontwikkeling:
<http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/algemeen/slaan-jou-tande-in-di-taalbroodjie.158694.php>
<http://www.republikein.com.na/ek-se-maar-net/en-as-iemand-jou-n-brtchen-vra-hom-n-bun-gee.158658.php>

Slaan jou tande in dié taalbroodjie
 republikein.com.na

9 November 2012 om 09:57 VM. · Publiek



Deel

Annelize Swart

Wonderlik. Niks so lekker soos 'n bretsjen nie 😊

9 November 2012

Elmari van Tonder

Toegegee... hoewel en die duitse spelling verkies.... Hoe dit ook al sy.. 'n Bretsjen bly lekker!

9 November 2012

Samuel Murray

As 'n woord so erken word, kry hy 'n sertifikaat of iets?

9 November 2012

Marienne Mills

My Suidwesfamilie gaan die stuipe kry...

9 November 2012

🗨️ Bekyk volgende opmerkings...

🗨️ Bekyk vorige opmerkings...

Anneline Du Preez

Ek weet darem nou nie van daai spelling nie, regtig! Kon die kommissie nie maar die Duits behou het nie? Toegegee, ek is nie 'n groot voorstander van transliterasie nie.

9 November 2012

Anneline Du Preez

Ok nee, hier is my teorie (sukkel duidelik om dit te verwerk). Bretsjens is daai verskoning vir n ordentlike brötchen wat jy by Spar daar in Henties en Swakop kry, en brötchens kry jy by plekke soos Treff in Swakop...

👍 2 · 9 November 2012

Die Afrikaanse Taalkommissie

Anneline, "bretsjen" is beslis nie 'n transliterasie van "Brötchen" nie, maar 'n weergawe van die volksetimologiese vervorming van die oorspronklike Duits in die Afrikaanse volksmond. Ek sou geen beswaar hê teen die opname in die AWS van "Brötchen" as 'n wisselvorm nie, maar as 'n mens dan suiwer wil bly, behoort die woord ook in Afrikaans met 'n hoofletter te begin en behoort daar geen meervouds-s aan toegevoeg te word nie. [TomMcL]

👍 1 · 12 November 2012

Anneline Du Preez

Ek hoor jou, Tom.

12 November 2012

Die Afrikaanse Taalkommissie

Ek stem saam met Tom. [fjl]

13 November 2012

Samuel Murray

Waarom kan 'n brötchen nie bloot 'n Duitse bolletjie wees nie? Ons het klaar Italiaanse bolletjies en Portugese bolletjies (sonder dat ons die Italiaanse of Portugese name daarvoor oorgeneem het).

Vir diegene wat sê dat die brötchen wat jy by Spar in Suid-Afrika koop, nie 'n regte-egte brötchen is nie, goed, vertel ons dan wat is die presiese definisie van die brötchen wat so danig anders is.

15 November 2012

Samuel Murray

Tom sê: "Anneline, 'bretsjen' is beslis nie 'n transliterasie van 'Brötchen' nie, maar 'n weergawe van die volksetimologiese vervorming van die oorspronklike Duits in die Afrikaanse volksmond."

Met ander woorde, dis wel 'n transliterasie, maar die transliterasie het op straat gebeur en nie in 'n taalkantoor nie. Verstaan ek die logika reg? Wat is "volksetimologiese vervorming" dan anders as transliterasie?

15 November 2012

Samuel Murray

Tom sê: "Anneline, 'bretsjen' is beslis nie 'n transliterasie van 'Brötchen' nie, maar 'n weergawe van die volksetimologiese vervorming van die oorspronklike Duits in die Afrikaanse volksmond."

Met ander woorde, dis wel 'n transliterasie, maar die transliterasie het op straat gebeur en nie in 'n taalkantoor nie. Verstaan ek die logika reg? Wat is "volksetimologiese vervorming" dan anders as transliterasie?

15 November 2012

Willem Kuiper

Ik woon in Nederland en begryp het Afrikaans goed. Ik kan jullie bijdragen goed lezen. Kunnen jullie het Nederlands ook goed volgen?

15 November 2012

Die Afrikaanse Taalkommissie

@Samuel: Transliterasie behels die (gewoonlik klankmatige) weergawe van 'n naam of woord uit 'n vreemde alfabet in die Romeinse alfabet, soos wat ons maak met name/woorde uit Russies, Arabies, Chinees ens. Om egter van "Paris" "Parys" te maak, of van "London" "Londen" is nie transliterasie nie. "Volksetimologiese vervorming" is wel nie, sover ek weet, 'n formele taalkundige term nie, maar dit sou tog tipies "eau-de-cologne" --> "oliekolonie" en "bicycle --> baiesukkel" behels. Of goed soos "spietkop, koort, juts" en so meer.

As daar dan so 'n beswaar teen "bretsjen" is, hoekom is daar nie soortgelyke beswaar teen iets soos "bloekom" of "kikoejoe" of "hensop" nie? Dit is hierdie soort proses wat onder Afrikaanssprekendes in Namibië van die Duitse "Brötchen" uiteindelik tot "bretsjen" gelei het. [TomMcL]

👍 1 · 16 November 2012

Samuel Murray

@Tom: Ja, maar die beswaarmakers vir bloekom, kikoejoe en hensop is lankal dood. Nuwe woorde lok nuwe beswaarmakers.

👍 1 · 16 November 2012
